# DIE SKIETLOOD

138e Uitgawe 15 Junie 2018
saam met Koersvas 138

**Artikel 23 (vervolg)**

**ONS GEREGTIGHEID VOOR GOD**

Reeds in die opskrif is daar goeie nuus. Dit word as feit gestel dat dit moontlik is om in geregtigheid voor God te staan. Dit beteken nie dat ons geregtigheid ons eie handewerk is nie, dit is reeds duidelik dat ons sondaars is. Tog kondig die artikel aan dat ons in groot genade geregtigheid ontvang - in so 'n mate dat ons daarmee voor God kan verskyn.

**Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil**

Drie sake kom in hierdie sinsnede na vore. Die eerste is die oortuiging dat ons geluksaligheid iewers gevind kan word. Geluksaligheid word deur die WAT gedefinieer as "*s.nw. Allerhoogste trap van geluk; hemelse geluk; innigste en hoogste geluk wat iemand kan geniet — veral in toepassing op die geestelike lewe: Die hemelse, ewige geluksaligheid, die geluk wat die lewe hiernamaals bied. In die oord van geluksaligheid, in die hemel*." Geluksaligheid speel met ander woorde in op ons heerlike toekoms in die Ryk van ons Vader. Hierdie heerlike toekoms is op slegs een plek te vind.

Ons geluksaligheid is onlosmaaklik verbind aan die vergewing van ons sondes. Die feit dat ons sondes vergewe word is die tweede saak. Dit is 'n belangrike konsep om in gedagte te hou. Al is ons meer as net mense wat sonde doen, al is ons in ons wese sondaars, daardie sondes word en is vergewe.

Dit bring ons by die derde saak naamlik dat ons sondes om Jesus Christus ontwil vergewe is. Die pad na die hemel lei vanuit ons sondes na die vergewing van sondes om Jesus Christus ontwil. Dit is die een en enigste weg na ons saligheid.

**en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan.**

Om wel in die hemel te kan aanland, is dit vir ons noodsaaklik om in geregtigheid voor God te kan staan. Daardie geregtigheid word nie gevind in een of ander proses of 'n verdienstelik daad of dade aan ons kant nie. Ons geregtigheid voor God bestaan daarin dat ons sondes om Jesus Christus wil vergewe is.

**Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken.**

Psalm 32:2 "*Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."*

Romeine 4:6 – *"Soos Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke: Welgeluksalig is hulle wie se ongeregtighede vergewe en wie se sondes bedek is. Welgeluksalig is die man aan wie die Here die sonde nie toereken nie*. "Die Skrif spreek onomwonde oor hierdie saak. Dit is nie die mens wat deur wetsonderhouding die saligheid verwerf nie. Dit is deur genade alleen wat dit aan die mens toegedig word. Buite die wetsonderhouding beteken sonder menslike toedoen.

Daarmee saam is dit God wat die mens die geregtigheid toereken, nie in vennootskap nie, maar God alleen is die een wat handel.

**Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is.**
Romeine 3:24 "*en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is*." Die genade word nou verder omskryf as iets wat verniet aan die mens gegee word. Dit beteken nie dat genade verniet is nie, dit beteken dat dit sonder prestasie of teenprestasie aan die mens gegee word. Genade is duur, dit het God se Seun Sy lewe aan die vloekhout gekos. Dit wat duur bekom is, word nou verniet aan die mens gegee in genade. Sodra die mens besef hoe groot die geskenk is wat God aan ons gee, kan dit nie anders as dat ons Hom dien en eer nie.

**Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas:**
God se genade is die fondasie van ons redding, dit is die grondslag van alles wat kom. Dit is om die rede (regverdigingsleer) dat die kerk staan of val by die inhoud van God se regverdiging.

**Ons gee aan God al die eer,**
Dit is reeds duidelik gestel. Die regverdigingsleer lei nie daartoe dat ons volhard in die sonde, of dat ons aanmatigend optree nie. In dankbaarheid moet ons eerste reaksie wees om die Here te loof. Al die eer kom God alleen toe. Hy het alles gedoen wat nodig is vir ons saligheid. Geen mens kon of kan voldoen aan God se geregtigheid nie. God se Seun het wel daaraan voldoen en in Genade het God Jesus Christus se verdienste aan ons gegee. Al die eer behoort aan Hom alleen.

**verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is,**
God se genade roep ons daartoe om eerlik te wees oor onsself. Ons is wat ons is, sondaars sonder hoop of verdienste, en tog dankbare ontvangers van genade. Daar kan geen sprake wees van onsself aanmatig nie, God ken ons diepste wese. God se genade maak ook dat ons brutaal eerlik oor onsself kan wees, gewoon omdat God in genade en liefde na ons kyk.

**en roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen.**
Om in jouself en op jou verdienste te roem, sou dwaas wees. God ken ons en ons weet dat selfs die mees verdienstelike mens op aarde nie voor God kan verskyn nie. Ons aandag bly gevestig op die Here Jesus. Sy verdienste, Sy gehoorsaamheid, en dit alleen, maak dat ons kan uitsien na ons redding.

**Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo;**
Geloof lei ons daartoe om te besef dat Jesus se gehoorsaamheid ons toegereken word. Die woord "eie" dui daarop dat dit nie 'n benaderde gawe is nie, maar so aan ons geskenk word as sou dit ons eie verdienste wees.

**dit is ook genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan,**
God se genade is ‘n totale genade, in totaliteit aan ons geskenk. Dit bedek alles, vergewe alles, verwyder alle struikelblokke. God se genade bedek elke laaste ongeregtigheid wat ons is en doen, verwyder dit uit ons gewete. Ons kan sonder vrees voor God gaan staan, in Jesus Christus kyk God met welbehae na ons.

**terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om hom met vyeblare te bedek nie.**
Die sondeval het gemaak dat die mens voor God uit moes vlug en met onbeholpenheid moes probeer om sy skandes te bedek. Dit alles verander met die koms van die Seun. God het in genade Adam geklee met velle. Met die Seun se koms is mense met die kleed van geregtigheid geklee en kan ons sonder vrees of skaamte voor die troon verskyn.

**Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ookal, op onsself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons - helaas! - verteer moes word.**
Een saak kan nie genoeg beklemtoon word nie. Dit is die totale omvang van God se genade. God tree in geen gelyke vennootskap met mens, dier of instansie nie. Geen mens, dier of instansie kan ‘n bydrae lewer tot die redding wat aan ons geskenk word in Jesus Christus nie. Geen mens kan namens my instaan by die Here nie omdat alle mense sondaars is. Ons kan geen dier gebruik om namens ons geregtigheid te bewerkstellig nie, die offers was onvoldoende, soos blyk uit die aanhoudende offers wat gebring moes word. Dit sluit in dat die kerk ook geen bydrae tot die saligheid van die mens lewer nie. Die kerk ontvang die Evangelie van geregtigheid in Christus alleen. Die kerk verkondig hierdie Evangelie aan alle mense, God reken mense Christus se verdienste toe alleen op grond van genade. Mense sluit aan by die kerk om saam met ander mense wat gered is aan God alleen alle eer en lof te gee.

**En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: 'En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor U aangesig regverdig nie' (Psalm 143:2).**
Wanneer ons eerlik is, sal ons besef dat ons geen geregtigheid in onsself het of kan opeis nie. Ons is van God se genade afhanklik, totaal afhanklik.

Ons regverdiging ontvang ons uit genade alleen, by wyse van geloof alleen, deur Jesus Christus alleen (op grond van Christus alleen).